
# 365 O, Vader, magtig om te red




O, Christus, eenmaal het u stem,
‘n woeste storm op see getem;
U slaap waanneer die winde woed
en wandel op die diepste vloed.
Verhoor ons bede en bewaar
dié wat op see is in gevaar.

O, Gees, wat in die skeppingstyd,
gesweef het oor die donkerheid,
om wilde chaos te bedwing
en kalmte oor die vloed te bring,
verhoor ons bede en bewaar
dié wat op see is in gevaar.

Drie-enigheid van liefdeskrag,
hou oor ons broederskap die wag,
en red ons in die bange uur
van skipbreuk, krygsrumoer en vuur.
Loof God vir ewig, Hy bewaar
op land en see van doodsgevaar.

William Whiting (1825-78) J.B. Dykes (1823-76)